**Wes-Kaap Onderwysdepartement**
**Western Cape Education Department**
**iSebe leMfundo leNtshona Koloni**

Navrae / Enquiries / iMibuzo: AE LATEGAN
Verwysing / Reference / Ubhekiso: 13/2/B
Telefoon / Telephone / iMfonomfono: 460-6911

Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye: HOOF:ONDERWYS / HEAD:EDUCATION
Privaatsak / Private Bag: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: KAAPSTAD / CAPE TOWN
Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi: 8000
Faks / Fax: 419-9376
Datum/Date / Umhla: 06 MEI 1998

**AAN : ALLE HOOFDIREKTEURE EN DIREKTEURE , AREA - EN KRINGBESTUURDERS EN HOOFDE VAN SEKONDêRE SKOLE ( MET TEGNIESE STUDIERIGTINGS)**

**OMSENDBRIEF** 0055/98

**AKKREDITASIE VAN SKOLE**

1. In die lig van opleidingsvereistes wat deur die Nasionale Kwalifikasieraamwerk gestel word, is daar deur die Departement se Vakadviesdiens gemoeid met Ingenieurstudie in gesprek getree met die Metaal - en Ingenieursnywerhede Onderwys- en Opleidingsraad (MEIATB) in verband met akkreditasie van praktiese werk by skole met tegniese studierigtings, en is daar soos volg ooreengekom:

1.1 Waar leerders in die huidige stelsel geen erkenning kry vir praktiese werk indien hulle na skool 'n vakleerlingskap aanvaar nie, kan sodanige leerders voortaan tydens hul vakleerlingtyd vir die ooreenstemmende modules wat hulle op skool afgehandel het, erkenning kry indien die betrokke skole wat hulle bygewoon het by die akkreditasiestelsel ingeskakel is. Nie-geakkrediteerde opleiding op skoolvlak sal tot gevolg hê dat leerders wat na skool 'n vakleerlingskap bekom, praktiese opleiding sal moet herhaal, wat sal neerkom op 'n onnodige uitgawe vir die leerders. Tot 80% van die modules in sekere vakrigtings kan geakkrediteer word en die meeste van die skole binne die WKOD is genoegsaam toegerus met die nodige gereedskap om geakkrediteer te word vir modulêre opleiding. Dit dien gemeld te word dat die MEIATB die skema baie goedgesind is.

2. Die kostes verbonde aan akkreditasie beloop tans R380,00 plus die uitgawes verbonde aan vervoer na en van die skool vir die akkreditasiebeamptes.

3. Skole behoort sodanige uitgawe uit hul leerderheffings te kan bestry maar daar is nie beswaar daarteen dat skole hul monetêre toekenning vir die doel aanwend nie. Dit staan skole dus vry om fondse op eie inisiatief aan te wend. Dit word egter baie duidelik gestel dat die WKOD nie verantwoordelik gehou sal word vir enige finansiële implikasies nie.

4. Die hoofde van skole word versoek om hulle aansoeke te rig aan mnr AE Lategan, Vakadviseur: Ingenieurstudies, Wes - Kaap Onderwysdepartement .

5. Die inhoud van die omsendbrief moet asseblief onder die aandag van alle belanghebbendes gebring word.

Kennedy.
/nms HOOF : ONDERWYS